

# Knapsak

In vennootskap met die FAK

Rapportryerbeweging Sedert RRB 1950 Draers van die Boodskap

## UITGAWE 45



### Uit die stoel van die President

"GESEëNDE KERSFEES!!!!"

**In hierdie uitgawe:**

- Boodskap van die President
- Skrywe van die Sekretaris
- Korpsaktiwiteite
- Leer ken jou Raadslede
- Allerlei….

Desember 2022

## *WENNERS VAN DIE 2022 BYBELVASVRA*

Die Rapportryerbeweging (RRB) het die naweek van 21, 22 en 23 Oktober 2022, die eer en voorreg gehad om die finaal van sy nasionale vlagskipprojek, die **Bybelvasvra vir Laerskoolleerlinge,** by die ATKV-oord te Klein-Kariba aan te bied.

Die uitslag van die Vasvra was as volg:

Eerste plek - Laerskool Northmead van Benoni
Tweede plek - Laerskool Hennopspark van Pretoria
Derde plek - Laerskool Randhart van Alberton

Wat die oorwinning van Laerskool Northmead nog meer merkwaardig maak, is die feit dat die span uit slegs twee leerlinge in plaas van die gebruiklike vier bestaan het. Hulle was ook afgerig deur beide die leerlinge se moeders. Voorwaar 'n uitsonderlike en buitengewone prestasie!

Foto's van die wenspan en die Top 10-spanne wat aan die finaal deelgeneem het, is hierby aangeheg.

**Die Bybelvasvra-wenspan, Laerskool Northmead.**
v.l.n.r. Lizet van Rensburg, Jeaney van Rensburg, Annika van der Walt en Annelize van der Walt



**Die top tien spanne**




Die gees, gesindheid en samehorigheid wat by 'n ieder en elk wat by die Bybelvasvra-finaal betrokke was geheers het, was ‘n wonderlike belewenis.

Die RRB wil graag die Bybelvasvra-projekspan, bestaande uit dr. Hennie Schmidt, Pieter van der Merwe en Gerrit Jooste, opreg bedank vir hul harde werk deur die jaar ter voorbereiding vir die finaal. Julle is beslis ysters, en die liefde en passie wat julle aan die dag gelê het, het beslis nie ongesiens verby gegaan nie.

***RRB UITSTALLING – VRIJHEIDSREIS – VOORTREKKERMONUMENT***

Die RRB  wil graag reeds vroeg in die nuwe jaar begin om die uitstalruimte by die *Vrijheidsreis*  in die Voortrekkermonument, wat dr. Danie Langner goedgunstiglik aan ons beskikbaar gestel het, in te klee.

Derhalwe benodig ons interessante en waardevolle artikels wat met die RRB verband hou, om in die uitstalruimte te plaas.

Dr. Carel Stander van Paarl het reeds aan ons bottels wyn geskenk met die RRB-embleem, datum "2000", en "Landsberaad" by die Voortrekkermonument op die etiket.
Hy het ook die boek "Geskiedenis van die Federasie van Rapportryerkorpse, 1950 - 1993" aan ons geskenk.


Christo Roets het voorts 'n kateder, met die embleem van die Federasie van Rapportryerkorpse daarop, geskenk.

Dit sal baie waardeer indien soortgelyke RRB-verwante items en/of artikels vir ons gestuur kan word. Hou asseblief in gedagte dat ons beplan om ook 'n RRB-saal op die VTM-terrein op te rig, met die gepaste naam "Die Stal'. Daar sal dus heelwat uitstalruimte beskikbaar wees.

***LW*: Moet asseblief nie nou al items/artikels begin aanstuur nie. Verwittig asseblief eers vir my en ons sekretaris wat u beskikbaar het, en graag aan ons wil skenk. Ons sal dan met u reëlings tref vir die aanstuur en ontvangs van die items/artikels**.

My eposadres is johanroos53@gmail.com

*Die begin en ontstaan van die Rapportryerbeweging.*



*Rapportryers het van dwarsoor Suid-Afrika, en die destydse Suidwes-Afrika en Rhodesië, met groeteboodskappe in hul knapsakke te perd na die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949 in Pretoria vertrek.*

***KERS- EN NUWEJAARSWENSE AAN ALLE RRB-LEDE, HUL FAMILIES EN KULTUURVENNOTE***



Dit is vir my 'n besondere eer en voorreg om aan u almal 'n wonderlike Geseënde Kersfees, 'n ware Christusfees, toe te wens. Mag ons almal tydens Kersfees weer opnuut ons Hemelse Vader se liefde ervaar en dit met ons mede-gelowiges deel.

Mag die jaar 2023 net mooi en onvergeetlike ervarings vir ons almal meebring. Ervarings wat ons met blydskap en vreugde sal vul.

Die nuwe jaar gaan baie uitdagings aan die RRB stel. Ons moet egter die uitdagings as opwindend beskou, en deurentyd daarna streef om dit saam met mede-Rapportryers 'n absolute onvergeetlike en lekker jaar in die geskiedenis van die RRB te maak.

My hartewens is dat, wanneer ons aan die einde van 2023 terugkyk, ons almal uit een mond sal sê:

***ALLE EER AAN GOD!***

Johan Roos
President




**Uit die pen van die Sekretaris**

"….dankbaar vir die Heer se groot genade!!!!"

Welkom o stille nag van vrede
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land , o Heer.

KORPSAKTIWITEITE



**Wellington:**





Wellingtonkorps se manne: Eugene van der Westhuizen, Willem Liebenberg, Hennie Engelbrecht, Wouter de Wet, Wynand Calitz (agter) en Johan Swanepoel.

Wellington korps het ‘n heerlike jukskei-aand saam met ‘n paar ander organisasies gehad, o.a. die Lions, ATKV en die Museum. Daar was goed meegeding en tot laatnag lekker saam gekuier!

## Bloemfontein: Oranje-korps





Oranje-korps hou lekker jaareindfunksie aan huis van hul voorsitter Danie Odendaal!

## Newcastle:

### AS OUD EN JONK SAAM WERK!!!



**Die oudste** korpslid (74), Jannie Haarhoff, ontvang die trofee as naaswenner-*Korpslid van die Jaar* van Fanus Bergh (Voorsitter).



**Die jongste** korpslid (20), Guillaume van Rensburg, ontvang die trofee as *Korpslid van die Jaar*! Guilaume is ook ex-Ouboet-projekleerder gewees.



Franco Kriek as die *Roerder van die Jaar*!!!



Casper Franken as die *Bestuurslid van die Jaar*!

# KEN JOU RAADSLID: WERNER VISAGIE (Raadslid, Wes-Kaap)



Werner is op 14 April 1983 (39 jaar oud) in Worcester gebore..

Hy het groot geword in die Overberg.  Eers in Botrivier gebly waar sy pa skoolhoof was, totdat skooltjie afgebrand is agv van Inbrekers wat geld gesoek het.

Hulle verhuis toe daarna na Caledon en is vanaf graad drie in Laerskool Overberg, Caledon. Hy was Hoofseun by Laerskool en Hoërskool Overberg, Matriekuleer in 2001.

Na skool het hy 'n jaar in die vloot deurgebring. Eers in Saldanha en later op die skepe by Simonstad.

Werner verhuis toe na Hopetown, waar hy vir Mariette ontmoet. Na 13 jaar, en drie pragtige dogters later, het hy die voorreg gehad om terug te kom Caledon toe. Hulle is nou ses jaar terug in die Overberg.

Hy noem dat hy baie gelukkig is in die Wes-Kaap. Sy gesin geniet dit, en die see is nou lekker naby. Hy is tans 'n Graanhandelaar by Overberg Agri.

Gevra waarvan hou hy om homself besig te hou in sy spaartye, sê hy dat hy mal is oor rugby, krieket en Formule 1. Hy geniet sy potjie gholf, maar dae waar hy te veel na die balletjie moet soek is nie sy gunsteling tydverdryf nie.   Hy lees nie graag nie, maar geniet 'n goeie fliek saam met sy gesin!!

VOORTREKKERMONUMENT – GELOFTEFEESPROGRAM 2022

# VRYDAG 16 DESEMBER 2022



## Hekke open

**06:00** *Die hekke van die Voortrekkermonument maak reeds om 06:00 oop op die 16de Desember. Ons nooi jou uit om vroegoggend 'n koppie koffie en beskuit saam met ons te geniet voor die diens begin. Onthou jou stoel, hoed en kollektegeldjie.*



## Samesang / Voorsang

**Amfi-teater | 07:00 – 08:30** *Die liedereboekie sal aan geregistreerde besoekers gestuur word per WhatsApp of beperkte boekies sal te koop wees by die Voortrekkersaal.*



## Lees van die Gelofte

**08:30** *Op Geloftedag lê ons weereens die Gelofte aan die Here af en deel hierdie belofte met ons nageslag. Ervaar hierdie spesiale geleentheid saam met jou familie,vriende en mede-Afrikaners.*



## Dankoffer

**09:00** *Dankofferhouers sal op die dag by verskeie punte op die Voortrekkermonumentterrein wees vir enigeen wat 'n donasie wil maak en sal ook tydens die diens omgestuur word. Vir diegene wat wil, is daar ook die opsie om 'n elektroniese donasie met ons SnapScan QR-kode te maak.*



## Geloftediens

**Amfi-teater | 09:00** *Die Geloftediens word hierdie jaar gelei deur dr. Johann Ernst van die NG Gemeente Doornkloof,  en beloof om ‘n wonderlike boodskap te wees om hierdie wonderwerk na 184 jaar te vier.*



## Sing van die Geloftelied

**10:00** *Die sing van die Geloftelied is elke jaar ‘n hoendervlei- ervaring. Prys die Heer en sing saam met duisende Afrikaners hierdie belofte uit volle bors.*



## Kosstalletjies

**Feesterrein | 10:00 – 15:00** *Na afloop van die diens sal daar op die feesterrein verskeie kosstalletjies wees vir almal wat ‘n honger kolletjie wil stil terwyl hulle die Monument, die nuwe Vrijheidsreis en die res van die terrein verken.*



## Son op senotaaf

**Voortrekkermonument | 12:00**

***Kyk hoe die son om 12:00 deur die koepeldak van die Monument op die senotaaf skyn om die woorde “Ons vir jou, Suid-Afrika” te verlig.***



## Kanonskoot

**Quo Vadis | 12:30**

*Oudergewoonte gaan Kanon Susanna die dag afsluit in regte Voortrekkerstyl met 'n groot gebrul voor die Voortrekkermonument. Moet dit nie misloop nie!*



## Karel Landman-monument-replika onthulling

**Historiese Trekroetetuin | 13:00**

*Die Historiese Trekroetetuin spog alreeds met nege kleinskaal monument-replikas en op 16 Desember gaan ons nog een by ons versameling voeg. Wees deel van die onthulling van die splinternuwe Karel Landman-monument-replika, en stap in die spore van die Groot Trek-leiers*

**'n SPESIALE DANKIE:**



Dankie Barry, vir jou tyd om die taalversorging van die Knapsak te behartig!! Barry Frey is van Oranje-korps in Bloemfontein.

Barry Frey is op 7 Junie 1950 in Krugersdorp gebore waar hy in 1967 aan die Hoërskool Jan de Klerk matrikuleer. Tussen 1970 en 1981 studeer hy aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), en tree uiteindelik, na 'n lang onderwysloopbaan, in 2009 af as dekaan van die Fakulteit Gesondheids- en Omgewingswetenskappe aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein.

Hy het in 1981 'n Rapportryer in Amanzimtoti geword waar hy en sy vrou Magda vanaf 1979 tot 1987 gewoon het. Op versoek het hy die volgende twee hoogtepunte in sy 41 jaar as Rapportryer uitgelig:

1. In 1983 was hy die voorsitter van die destydse Junior Rapportryerkorps Paratus in Amanzimtoti, en het dié korps daardie jaar die FAK se gesogte Hennie Terblanché -wisseltrofee verower vir die kultuurorganisasie wat Afrikaans landswyd die beste bevorder het. (Sien die foto van die artikel hiernaas).

2. Die voorreg om vanaf 2014 tot 2018 op die Rapportryerraad te dien, en op die 2016-Landsberaad die toekenning as *Raadslid van die Termyn* te ontvang. Daarna is hy ook tot Vise-President van die RRB vir die 2016/18-termyn verkies.

As 'n afgetredene is Barry steeds op 72-jarige ouderdom aktief by Afrikanerkultuursake in Bloemfontein betrokke, en dien tans as lid van die Nasionale Vrouemonumentkommissie, sekretaris van die Bloemfonteinse Afrikanerkultuurraad, en sekretaris van Oranje-Rapportryerkorps.



*Toti verower gesogte trofee vir Afrikaans*

**Deur Francois de Vos**

OP die pas afgelope kongres van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in Oos-Londen, het die Junior Rapportryerskorps van Amanzimtoti daarin geslaag om die gesogte Hennie Terblanche-Wisseltrofee vir die bevordering van Afrikaans verower.

Die trofee, wat in 1981 ook deur die Maatskappy vir Europese Immigrasie verower is, word toegeken aan die kultuurvereniging wat landswyd daarvoor verantwoordelik is dat Afrikaans aktief bevorder word.

Die Paratus Rapportryerskorps van Amanzimtoti het daarvoor in aanmerking gekom toe twee hoogs geslaagde taalprojekte in 1983 van stapel gestuur is.

Die eerste projek van Paratus was om 'n sesmaandelikse trofee uit te loof vir die sakeonderneming wat aan die hoër-Suidkus as die beste tweetalige onderneming aangewys is.

*Gewild*

Hierdie projek het baie gewild geblyk te wees, en gaan nou 'n blywende kompetisie word.

Die ander projek wat landswye reaksie uitgelok het, was 'n advertensie deur Paratus in TEMPO geplaas om Afrikaanstalige vakansiegangers aan te moedig om hul taal met meer vrymoedigheid in Natal te gebruik.

Die advertensie is met minder geesdrif deur sommige stadsvaders van Durban begroet, en 'n veldtog wat aanvanklik bedoel was om sonder opslae te geskied het 'n landswye polemiek aan die gang gesit.

Dr. Barry Frey, destydse voorsitter en koördineerder van die twee veldtogte, het die trofee namens Paratus in ontvangs geneem. Dit is

*Aktief*

Die een sertifikaat is in die Hennie Terblanche-afdeling verower vir die bevordering van Afrikaans, terwyl die Skakelraad ook in die H.B. Thom-afdeling 'n sertifikaat ontvang het vir die mees aktiewe Kultuurraad in die land.

Mnr. Koeries Prinsloo, huidige voorsitter van die Durbanse Skakelraad, het aan TEMPO gesê die Durbanse kultuurliggame is vanjaar ook besonder aktief. Volgens hom is dit veral die nuut gestigte Afrikaanse Ouerverenigings wat met groot ywer weggespring het om behoorlik te organiseer.

Hy is besonder trots op die toekennings wat aan die Durbanse kultuurverenigings gedoen is, en sê daar sal gepoog word om hierdie hoë standaard te handhaaf.

**'n Spesiale dag**

Lede van die Junior Rapportryerskorps van Amanzimtoti met die FAK se Hennie Terreblanche trofee wat hulle vir die bevordering van Afrikaans verower het, Pieter van der Spuy, Piet Pienaar, Anton Welchagen, Barry Frey, Christo van Wyk en Carel van Wyk.

Joh 1;9

"Die ware lig wat elke mens verlig, was aan die kom na die wêreld toe...."